# Die Restourasie

## van die Evangelie van Jesus Christus





## God Is Jou Liefdevolle Hemelse Vader

God is jou Vader in die Hemel.Hy ken jou persoonlik en het jou meer lief as wat jy kan begryp.Hy wil hé dat jy gelukkig moet wees in hierdie lewe en in die ewigheid.

*Ons Hemelse Vader het goddelike waarhede terug gebring - gerestoureer – wat jy kan leer en leef. Hierdie waarhede is van die begin af, aan profete geopenbaar.*

Om hierdie doel te bereik, het Hemelse Vader 'n plan verskaf wat die evangelie* van Jesus Christus genoem is. Jesus Christus is die Seun van God; Sy lewe en lerelinge is 'n gids tot vrede in hierdie lewe en vreugde in die ewigheid.

## Die Evangelie Seën Families en Individue

Die evangelie van Jesus Christus seën almal wat dit aanvaar en leef.Een van die beste plekke om die evangelie te leer en toe te pas, is in families. God het families vasgestel om geluk aan Sy kinders te bring, om ons toe te laat om korrekte beginsels in 'n liefdevolle atmosfeer te leer, en om ons voor te berei om na Hom terug te keer nadat ons sterf. Alhoewel familie verhoudings by tye 'n uitdaging mag wees, seën Hemelse Vader ons, soos wat ons streef om die leringe van Jesus Christus te volg. Hierdie leringe help ons om ons families te versterk.

## Hemelse Vader Openbaar Sy Evangelie

As deel van Sy plan, kies God profete soos Adam, Noag, Abraham en Moses. Profete:

- Leer van God en is spesiale getuies van Sy Seun, Jesus Christus.
- Ontvang openbaring, of leiding van die Here.
- Leer die evangelie aan die wêreld en vertolk die woord van God.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Die evangelie van Jesus Christus kan jou familie versterk.***

Profete ontvang die priesterskap, of die gesag om in die naam van God te spreek en op te tree, om Sy kinders te lei. Mense wat die profete volg, ontvang die seëninge wat God belowe het. Diegene wat die evangelie en God se profete verwerp, verloor daardie seëninge en distansieër hulself van God. Diegene wat die profete verwerp en hul toevertroue om God te volg nalaat, is in 'n toestand wat wegvalling genoem word.

*Geopenbaarde waarhede raak verlore , wanneer mense die profete verwerp.*

Alhoewel baie van Sy kinders Hom en Sy profete herhaaldelik verwerp het, is Hemelse Vader nogsteeds lief vir Sy kinders. Hy wil ons alles gee wat ons nodig het om nou, gelukkig te kan wees, asook om na hom toe terug te keer nadat ons sterf. Die geskrifte openbaar 'n patroon wat wys dat God herhaaldelik na Sy kinders uitreik, alhoewel ons nie altyd luister nie:

- God kies 'n profeet.
- Die profeet leer die evangelie en lei die mense.
- God seën die mense.
- Die mense begin geleidelik die leringe van die profeet te ignoreer of verontagsaam . Hulle verwerp uiteindelik die profeet en sy leringe en word wegvallig.
- As gevolg van wegvalligheid, verloor die mense die kennis van die evangelie.Priesterskap gesag word van hulle af weggeneem.
- Wanneer die tyd reg is en die mense gereed is om Hom weer te volg, kies God 'n ander profeet, restoureer die priesterskap en die Kerk, en lei die profeet om die evangelie te leer.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Ou Testament profete het die woord van God neer geskryf.***





## JESUS CHRISTUS VESTIG SY KERK

Vanaf die tyd van die Skepping het die kinders van God uitgesien na die koms van die Verlosser Jesus Christus.Soos Hy belowe het, het Hemelse Vader Sy Seun, Jesus Christus, meer as 2,000 jaar gelede na die aarde gestuur.

Jesus Christus het 'n perfekte, sondelose lewe gelei.Hy het Sy Kerk gevestig, Sy evangelie geleer en baie wonderwerke verrig. Hy het twaalf manne gekies om Sy Apostels te wees, insluitende Petrus, Jakobus en Johannes. Hy het hulle geleer en die priesterskap gesag aan hulle gegee om in Sy naam heilige ordinansies, soos die doop te verrig.

Toe Jesus Sy Kerk gevestig het, het Hy instruksies van Hemelse Vader af, ontvang.Hy het toe instruksies aan Sy dissipels gegee. Jesus het Sy volgelinge geleer dat, openbaring van God, die rots was waarop Hy Sy Kerk sou bou.

*Jesus Christus organiseer Sy Kerk:*

- *Hy het Apostels geroep en verordineer.*
- *Hy het aan hulle Sy gesag gegee om te leer en te doop.Hierdie gesag word die priesterskap genoem.*
- *Na Sy dood en Opstanding, het Hy aangehou om die Apostels deur openbaring te lei.*

Aan die einde van Sy lewe, het Jesus Christus vir die sondes van elkeen wat op die aarde geleef het, of sal leef, gelei en gesterf.Hierdie opoffering word die Versoening genoem. Deur Sy leiding, dood en Opstanding, het die Verlosser dit moontlik gemaak vir ons om vergewe te word.Diegene wat geloof in Hom het, bekeer en Sy gebooie onderhou, sal vergifnis van hul sondes ontvang en met vrede en vreugde gevul word.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Jesus het die priesterskap aan Sy Apostels gegee.***

Na Sy Opstanding het Jesus Christus Sy Apostels deur openbaring gelei.Die Bybel wys baie maniere waarop Hy aangehou het om Sy Kerk te lei (sien Handelinge 10; Openbaring 1:1). Dus, was die Kerk van Jesus Christus deur God gelei, en nie deur mens nie.

## Die Groot Wegvalling

Na die dood van Jesus Christus het bose mense, baie lede van die Kerk vervolg en dood gemaak. Ander Kerk lede het weg gedryf van die beginsels wat deur Jesus Christus en Sy Apostels geleer is.Die Apostels is dood gemaak en die priesterskap gesag – insluitende die sleutels om die Kerk te lei en om openbaring vir die Kerk te ontvang - is van die aarde af weg geneem.Omdat die Kerk nie meer deur priesterskap gesag gelei was nie, het foute in die leringe van die Kerk ingekruip.Daar was steeds goeie mense en baie waarhede, maar die evangelie wat deur Jesus Christus gevestig is, was verlore. Hierdie periode word die Groot Wegvalling genoem.

*Met die dood van die Apostels van Jesus Christus, is die waarhede weereens verlore.*

Hierdie wegvalling het tot die skepping van baie kerke met teenstrydige leerstellinge, gelei.Gedurende hierdie tyd het baie mans en vrouens die waarheid gesoek, maar hulle kon dit nie vind nie.Baie goeie mense het in God en Jesus Christus geglo en probeer om waarhede te verstaan en te leer, maar hulle het nie die volle evangelie of die priesterskap gesag gehad nie. As gevolg hiervan het elke generasie ‘n toestand van wegvalligheid geërf, siende dat mense beinvloed was deur dit wat die vorige generasie aan hulle oorgedra het, insluitende veranderinge wat aan Christus se evangelie gemaak is.

*God het geweet dat daar 'n wegvalling sou wees.Deur 'n Ou Testament profeet het Hy gesê:*

*"Kyk, die dae kom . . . dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woord van die Here te hoor:*

*"En [mense] sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie."*

**Amos 8:11–12**



Sommige geinspireerde mense soos Martin Luther en John Calvin, het gesien dat sekere praktyke en leringe verander of verlore is.Hulle het probeer om die kerke waaraan hulle behoort het, te hervorm.Maar sonder die priesterskap gesag, kon Christus se evangelie nie tot sy oorspronklike vorm herstel word nie. 'n Restourasie was nodig.

## DIE RESTOURASIE VAN DIE EVANGELIE

In 1820, soos wat Hy dwarsdeur die geskiedenis gedoen het, het Hemelse Vader weereens 'n profeet gekies om die evangelie en die priesterskap op die aarde te restoureer.Daardie profeet se naam was Joseph Smith.As 'n jong man was Joseph verward oor die verskille tussen die baie kerke in sy area en wou hy graag weet watter kerk die regte een was. Hy het geweet dat hy kennis kort en het die raad wat in die Bybel te vind is gevolg, wat sê, "Indien iemand van julle wysheid kort, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word." (Jakobus 1:5).

Joseph Smith het besluit om God te vra wat hy moet doen.Toe Joseph gebid het om die waarheid te weet, het Hemelse Vader en Jesus Christus aan hom verskyn.Jesus het aan Joseph gesê om nie by enige van die kerke aan te sluit nie, omdat "hulle almal verkeerd was"

*Joseph Smith het Hemelse Vader en Jesus Christus gesien.Van hierdie ondervinding het hy gesê:*

*"Ek het 'n ligkolom net bokant my hoof gesien, helderder as die son, wat geleidelik neergedaal het totdat dit op my geval het. . . .*

*"Toe die lig op my rus, sien ek twee Persone, wie se helderheid en heerlikheid alle beskrywing te bowe gaan, bokant my in die lug staan.Een van hulle het tot my gespreek, deur my op die naam te noem, en gesê, terwyl Hy na die Ander wys -*

Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom!"

**Joseph Smith—Geskiedenis 1:16–17**

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Hemelse Vader en Jesus Christus het aan Joseph Smith verskyn, soos wat in die film* Die Restourasie. *uitgebeeld is.***

en “dat hulle My met hul mond nader en met die lippe eer, maar hulle harte is ver van My af; hulle leer leringe wat gebooie is van mense af, hulle het ‘n gedaante van godlikheid, maar verloën die krag daarvan.” (Joseph Smith—Geskiedenis 1:19).

Soos God met Adam, Noag, Abraham, Moses en ander profete gemaak het, het Hy Joseph Smith as ‘n profeet geroep, deur wie die volledige evangelie gerestoureer kon word.

**Die Restourasie van die Priesterskap**

In 1829 het Joseph Smith dieselfde priesterskap gesag ontvang wat Jesus Christus aan Sy Apostels gegee het.Johannes die Doper, wat Jesus gedoop het, het aan Joseph Smith verskyn en het die Äaroniese Priesterskap, of mindere priesterskap, aan hom gegee.Petrus, Jakobus en Johannes (drie van Jesus se oorspronklike Apostels) het later aan Joseph Smith verskyn en die Melgisédekse Priesterskap, of hoër priesterskap, aan hom gegee.

*Jesus Christus het Johannes die Doper en toe drie van Sy Apostels gestuur om die priesterskap gesag aan Joseph Smith te gee.*

Nadat hy die priesterskap gesag ontvang het, is Joseph Smith aangesê om die Kerk van Jesus Christus weer op die aarde te organiseer. Deur hom het Jesus Christus weer Twaalf Apostels gekies.

Net soos wat Jesus Christus Sy Apostels deur openbaring gelei het na Sy opstanding, lei Hy nogsteeds vandag die Kerk, deur sy lewende profete en apostels.Die President van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, is die verkose profeet van God vandag.Hy, sy raadgewers en die Twaalf Apostels hou die priesterskap gesag wat deur al die profete en apostels van vorige tye, gehou is. Hierdie manne is profete, sieners en openbaarders.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Petrus, Jakobus en Johannes - Apostels van Jesus Christus- het die Melgisédekse Priesterskap aan Joseph Smith gegee.***





# Die Boek van Mormon

As deel van die Restourasie van die evangelie, het God die Boek van Mormon: Nog 'n Testament van Jesus Christus, voort gebring.Deur die krag van God het Joseph Smith hierdie boek, vanaf kronieke wat op goue plate geskryf is, vertaal. Die Boek van Mormon is "'n kroniek van God se handelinge met die eertydse inwoners van die Amerikas en bevat die volheid van die ewige evangelie"

Die Boek van Mormon is 'n kragtige testament van Jesus Christus.Dit help ons om Sy leringe te verstaan, insluitende dié wat in die Bybel is.

Die Boek van Mormon is 'n oortuigende bewys van die Restourasie van die evangelie, deur Joseph Smith. Jy kan self uitvind of die Boek van Mormon waar is.Om hierdie kennis te kry moet jy dit lees, oor die boodskap peins, en 'n begeerte hê om te weet of dit waar is. Jy moet Hemelse Vader vra om te bevestig dat dit Sy woord is.Soos wat jy dit doen, sal Hy deur die Heilige Gees aan jou openbaar dat dit waar is.

*Jy kan weet of dit wat die sendelinge jou geleer het waar is, indien jy die Boek van Mormon lees en daaroor bid:*

*"As julle met 'n opregte hart vra, met opregte begeerte en met geloof in Christus, sal Hy die waarheid daarvan aan julle openbaar, deur die krag van die Heilige Gees.*

*"En deur die krag van die Heilige Gees mag julle die waarheid van alle dinge weet."*

**Moroni 10:4–5**

Soos wat julle weet dat die Boek van Mormon waar is, sal julle ook deur die Heilige Gees weet dat Joseph Smith 'n profeet van God was, dat die evangelie van Jesus Christus deur hom gerestoureer is en dat Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae vandag deur 'n profeet en apostels gelei word.

*Woorde in rooi word op bladsye 18 en 19 verduidelik.

***Jesus Christus se besoek aan die Amerikas is in die Boek van Mormon aangeteken.***

## HOE KAN EK WEET?

Jy kan weet of hierdie boodskap waar is.Indien jy jou Hemelse Vader deur gebed vra, kan jy deur die Heilige Gees, 'n antwoord van Hom af ontvang.Die Heilige Gees word ook die Gees van God genoem en een van Sy rolle is om te getuig van waarhede.

### *Hoe Bid Ek?*

- *Spreek jou Hemelse Vader aan.*
- *Vertel Hom van die gevoelens van jou hart(dankbaarheid, vrae, 'n versoek om die waarheid van die Boek van Mormon en dit wat die sendelinge jou geleer het, te bevestig.)*
- *Sluit af ("In die naam van Jesus Christus, amen").*

Hierdie kennis kan wonderbaarlik en lewens veranderend wees, maar dit kom gewoonlik as 'n stille versekering, sonder 'n asemrowende vertoning van God se krag. Die Heilige Gees bevestig die waarheid, deur gevoelens, gedagtes en indrukke.Soos wat in die Bybel geleer word, is "Die vrug van die Gees liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, [en] selfbeheersing" (Galásiërs 5:22–23). Hierdie gevoelens van die Heilige Gees af, is persoonlike openbaring aan jou, dat die evangelie van Jesus Christus wat deur Joseph Smith gerestoureer is, waar is.Jy moet dan besluit of jy in harmonie met hierdie kennis wat jy ontvang het, wil saam leef.

***Jy kan die waarheid weet, deur met opregtheid te bid.***



# LYS VAN TERME

**Ääroniese Priesterskap** Die mindere priesterskap.Hierdie Priesterskap sluit die gesag in om te doop en is na Ääron in die Ou Testament van die Bybel vernoem.

**Wegvalligheid** Wanneer individue, die Kerk of 'n hele nasie die evangelie van Jesus Christus versaak of verlaat.Wegvalligheid lei tot verdeeltheid, verwarring en die verlies van die priesterskap gesag of die reg om in die naam van God op te tree.

**Apostel** Die titel wat Jesus Christus die twaalf manne gegee het wat Hy gekies het as Sy naaste metgeselle gedurende Sy aardse bediening en aan wie Hy die gesag gegee het om in Sy naam op te tree.In heedendaagse tye het Jesus ander manne geroep om as Sy Apostels te dien.Soos in vorige tye, is 'n Apostel 'n spesiale getuie van Jesus Christus en het gesag van Hom af.

**Versoening** Die gebeurtenis wat dit moontlik maak vir ons om weer met God verenig te kan word.Om te versoen is om onder die straf van sonde te lei, en dus die effek van sonde te verwyder vanuit die bekeerde sondaar se lewe. Jesus Christus was die enigste een wat geskik was om 'n perfekte Versoening vir die hele mensdom te maak. Sy Versoening het sy leiding vir ons sondes, die stort van Sy bloed en Sy dood en Opstanding ingesluit.As gevolg van die Versoening kan elkeen wat ooit geleef het, weer opstaan. Die Versoening verskaf ook 'n manier waarop ons van ons sondes vergewe kan word en verewig saam met God kan leef.

**Doop** 'n Noodsaaklike stap in die vergifnis van sonde.Deur die doop en bevestiging deur priesterskap gesag word ons lede van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.Die Doop is deur onderdompeling, wat beteken dat die persoon wat gedoop word kortliks onder die water gedompel word.Die Doop wys ons gewilligheid om Christus se voorbeeld te volg en om verbonde met God te maak.

**Evangelie** Hemelse Vader se plan om ons te help om vrede in hierdie lewe, en vreugde in die ewigheid te hê.Die evangelie is op die Versoening van Jesus Christus gesentreer en vereis van ons om geloof in

Hom te hê, te bekeer, gedoop te word, die Heilige Gees te ontvang en om tot die einde te verduur.

**Heilige Gees** Ook bekend as die Gees van God, en die Vertrooster. Hy getuig van Hemelse Vader en Jesus Christus en openbaar en leer waarhede.

**Melgisédekse Priesterskap** Die hoër of groter priesterskap.Dit is vernoem na Melgisédek in die Ou Testament van die Bybel, wie 'n regverdige hoë priester en 'n koning was.

**Ordinansie** 'n Heilige, formele daad wat deur die gesag van die priesterskap uitgevoer moet word.'n Voorbeeld is die doop.

**Priesterskap** Die gesag en krag van God.God gee hierdie krag, om in Sy naam op te tree, aan die mens.Die Aäroniese priesterskap is aan Joseph Smith deur Johannes die Doper, wie Jesus gedoop het, gerestoureer.Die Melgisédekse Priesterskap is deur Petrus, Jakobus en Johannes, drie van Jesus se Twaalf Apostels, gerestoureer.

**Restourasie** Om iets weer te maak soos wat dit was; te hervestig; om as nuut terug te bring .Nadat waarhede en gesag van die aarde af verlore geraak het, is die evangelie deur die Profeet Joseph Smith gerestoureer.Restourasie verskil van hervorming in dat *hervorming* beteken om 'n bestaande organisasie of praktyk aan te pas, in 'n poging om dit tot sy oorspronklike vorm terug te bring, terwyl*restourasie* beteken om die oorspronklike vorm van die organisasie of praktyk te hervestig of te hernu.

**Opstanding** Die hereniging van die gees met die perfekte fiesiese liggaam van vlees en been, na fiesiese dood.Jesus Christus was die eerste om op te staan.

**Openbaring** Kommunikasie tussen God en Sy kinders, gewoonlik deur die Heilige Gees.Individue kan openbaring ontvang om hul eie lewens te lei, maar slegs God se verkose profeet kan openbaring vir die hele wêreld ontvang.Openbaring kom in baie vorme, maar meestal kom dit as gedagtes, gevoelens en indrukke.

# ADDISIONELE STUDIE

Die volgende vrae en geskrifte sal jou help om meer oor die prinsiepe in hierdie gids te leer en om oor hulle te peins. Die lys is nie alomvattend nie; voetnotas en kruis-verwysings in die geskrifte sal jou na addisionele gedeeltes en bronne lei.

**Wat beteken dit vir jou, dat God jou Hemelse Vader is?**

Maleagi 2:10 (Bybel, Ou Testament)

Hebreërs 12:9–10 (Bybel, Nuwe Testament)

**Wat is die rol van 'n profeet?Hoekom is dit belangrik om te weet dat God met profete spreek?**

Amos 3:7 (Bybel, Ou Testament)

Jakob 4:4–6 (Boek van Mormon, bladsy 124)

**Wat beteken dit om priesterskap gesag te hê?Hoe ontvang iemand hierdie gesag?**

Matthéüs 10:1 (Bybel, Nuwe Testament)

Johannes 15:16 (Bybel, Nuwe Testament)

**Wat gebeur wanneer daardie gesag verloor word?**

Amos 8:11–12 (Bybel, Ou Testament)

1 Nefi 13:24–29 (Boek van Mormon, bladsy 25–26)

**Hoe het Jesus se Apostels geweet dat daar ‘n wegvalling sou plaas vind?**

Handelinge 20:28–31 (Bybel, Nuwe Testament)
2 Thessalonícense 2:2–3 (Bybel, Nuwe Testament)
2 Timotheüs 4:3–4 (Bybel, Nuwe Testament)

**Wat beteken dit vir jou, dat die evangelie van Jesus Christus deur Joseph Smith gerestoureer is?**

*Die Getuienis van die Profeet Joseph Smith* (pamflet)

**Wat is die Boek van Mormon?Hoe is dit ‘n testament van Joseph Smith se roeping as ‘n profeet?**

Boek van Mormon titel blad
Boek van Mormon inleiding

**Wat is die rol van die Heilige Gees?**

Alma 5:45–47 (Boek van Mormon, bladsy 221)
Moroni 10:3–5 (Boek van Mormon, bladsy 529)

# AANBID SAAM MET ONS

## KOM SIEN HOE DIE GERSTOUREERDE EVANGELIE JOU LEWE KAN SEËN



Nagmaal diens is die hoof aanbiddings diens.Dit duur net so oor 'n uur en bestaan tipies uit die volgende:

*Gesange:* Word deur die gemeente gesing.(Gesang boeke word voorsien.)

*Gebede:* Word deur plaaslike Kerk lede gegee.

*Die nagmaal:* Brood en water word geseën en aan die gemeente geoffer, ter herrinnering van die Versoening van Jesus Christus.

*Sprekers:* Gewoonlik een of twee lede van die gemeente wat vooraf aangestel is om oor evangelie onderwerpe te praat.

*Kleredrag:* Mans en seuns dra gewoonlik 'n pak of netjiese broek en 'n hemp met 'n das.Vrouens en meisies dra rokke of rompe.

Donasies word nie gedurende die aanbiddings diens gevra nie.

Ons nooi julle om ook addisionele vergaderings by te woon, volgens julle belangstellinge en ouderdoms groepe.Die orde en beskikbaarheid van hierdie vergaderinge mag verskil.

*Sondag Skool:* Klasse vir die studie van die geskrifte en leerstellinge van die evangelie.

*Priesterskap vergaderinge:* Klasse vir mans en seuns van die ouderdom van 12 en ouer.

*Vroue Vereniging:* Klasse vir vrouens vanaf die ouderdom van 18 en ouer.

*Jong Dames:* Klasse vir meisies tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar oud.


*Primêr:* Groeps diens en klasse vir kinders tussen die ouderdom van 3 en 11 jaar oud.'n Kinderkamer vir kinders vanaf 18 maande tot 3 jaar, is dikwels beskikbaar.



Nagmaal diens tye:____________________________

Kapel adres:________________________________

__________________________________________




# *Wat Moet Ek Doen?*

- *Lees die Boek van Mormon.*

  *Voorgestelde leeswerk:*____________________

- *Bid om te weet dat Joseph Smith 'n profeet was en dat die Boek van Mormon die woord van God is?*
- *Woon kerk by.*
- *Bepaal of jy, die Verlosser wil volg deur gedoop te word.Datum van doop:*
- *Besoek www.mormon.org om meer oor die gerestoureerde evangelie van Jesus Christus te leer.*
- *Hou aan om met die sendelinge te ontmoet, om meer te leer oor die waarhede wat God deur hedendaagse profete gerestoureer het.*

  *Volgende afspraak:*____________________

*Sendelinge se name en telefoon nommers:*

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

www.mormon.org

**Beeld Erkennings**
Voorblad: *Die Verlore Lammetjie,* deur Del Parson. © Del Parson. Moed nie afskrif maak nie
Bladsy 2 © Comstock
Bladsy 5: Detail van *Die Profeet Jesaja Vertel van Christus se Geboorte,* deur Harry Anderson
Bladsy 6: Detail van *Christus Verordineer die Twaalf Apostels,* deur Harry Anderson
Bladsy 13: Detail van *Die Restourasie van die Melgisédekse Priesterskap,* deur Kenneth Riley
Bladsy 14: Detail van *Jesus Christus Besoek die Amerikas,* deur John Scott

© 2005 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou.Gedruk in die VSA.
Engelse goedkeuring: 1/06 Vertaling goedkeuring: 1/06 Vertaling van *Die Restourasie van die Evangelie van Jesus Christus.* Afrikaans. 01196 501

AFRIKAANS
4 02011 96501 7
01196 501